Publication: Burger,Die(Oos-Kaap) (KommentaarenOntleding)
Publication Date: 25 Oct 2017
Page: 9
AVE: 8912.77
Circulation: 7783
Part: 1 of 1



# Ons durf nie Oliver Tambo vergeet nie

**Godsdiens Aktueel**
Nico Koopman



Dit is wonderlik dat leiers soos Oliver Tambo, wat vanjaar 100 jaar oud sou wees, se nagedagtenis gevier word.

Die viering van persone en geleenthede help om hulle te onthou en om te streef na die ideale waarvoor hulle gestaan het.

In 'n onlangse dokumentêre program oor Tambo is daar veral die versugting dat die jonger generasie van hom vertel moet word, omdat hulle hom nie self kon leer ken nie.

Tambo was 'n oortuigde Christen wat predikant in die Anglikaanse Kerk wou word. Hy het egter die roeping ontvang om die ANC vanuit die buiteland te lei, en sy leierskap was gedra deur die Christelike evangelie.

Dit het hom gehelp om belangrike polariteite te versoen.

Só was hy 'n leier, in uiters uitdagende tye, wat tegelyk saggeaard en ferm was, sagmoedig en grootmoedig, nederig en kragtig, respekvol en vasberade, dienskneg en heer, met 'n tere priesterhart en skerp profete-tong.

> **Tambo wou verseker dat die stryd om geregtigheid nie geregtigheid en menslikheid verloën nie.**

Tambo het gewys dat daar plek is vir sagtheid in 'n stryd om geregtigheid, vir beskeidenheid in die bestryding van onreg.

Regter Albie Sachs sê te midde van die geruis rondom hom, het Tambo stilte beliggaam, en te midde van soveel hardheid, sagtheid. Hy vertel dat Tambo hom met groot dringendheid opdrag gegee het om protokolle op te stel wat verseker dat aangehoudenes in sogenaamde ANC-kampe nie mishandel word nie. Hy wou verseker dat die stryd om geregtigheid nie geregtigheid en menslikheid verloën nie.

In die dokumentêr word selfs vertel hoe gedissiplineerd Tambo was ten opsigte van sogenaamde minder belangrike sake soos alkoholgebruik. ('n Struggle-veteraan vertel hoe hulle altyd seker wou maak dat Tambo nie uitvind dat hulle dalk te veel gedrink het nie!)

Die waarde van matigheid en selfbeheersing was vir Tambo onontbeerlik vir goeie dissipelskap, leierskap en burgerskap.

Tambo se weiering om mense as eenduidig sleg te veroordeel, word ook beklemtoon.

Daar word vertel dat hy altyd gesê het daar is iets goeds in elke mens, en dat ons baie hard moet poog om die redes te peil waarom iemand sieninge huldig en gedrag beoefen waarmee ons nie akkoord kan gaan nie.

Hy streef na versoenende geregtigheid. Die restitusie wat hy najaag, wil nie mense stigmatiseer en vervreem nie, maar nader aan mekaar bring.

Suid-Afrika het wonderlike mensemateriaal. Ons durf nie toelaat dat die verhale van onetiese burgerskap en veral onetiese leierskap ons laat twyfel aan die potensiaal van ons land se mense nie.

Die verhale van die Oliver Tambo's van ons land kan die volgende geslagte se moraal en waardes, sowel as hul moreel en gemotiveerdheid, bevorder.

■ **Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.